SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2018

## GRAAD 10

**REKENINGKUNDE**
**VRAESTEL 2**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**12 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**
**VRAESTEL 2**

**TYD: 2 uur**
**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord alle vrae in die ANTWOORDBOEK voorsien.
2. Toon alle berekeninge waar toepaslik om deelpunte te verdien.
3. Lees alle instruksies sorgvuldig.
4. Probeer ten alle tye om binne die vasgestelde tydsraamwerk te hou.
5. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

| VRAAG | TEMA | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| 1 | BTW en Voorraad | 34 | 27 minute |
| 2 | Krediteure Rekonsiliasie en Interne Kontrole | 42 | 34 minute |
| 3 | Vervaardiging | 20 | 16 minute |
| 4 | Begrotings | 25 | 20 minute |
| 5 | Vaste bates in Interne Kontrole | 29 | 23 minute |
| | **TOTAAL** | **150** | **120 minute** |

| VRAAG 1: 34 punte; 27 minute | |
|---|---|
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| BTW en Voorraad | BTW begrippe<br>Basiese BTW berekeninge<br>Voorraad |

| VRAAG 2: 42 punte; 34 minute | |
|---|---|
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Krediteure Rekonsiliasie | Krediteure Rekonsiliasie<br>Interne kontrole |

| VRAAG 3: 20 punte; 16 minute | |
|---|---|
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vervaardiging | Vervaardigingsbegrippe<br>Basiese vervaardigingsberekeninge |

| VRAAG 4: 25 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Begrotings | Begrotingskonsepte<br>Basiese begrotingsberekeninge |

| VRAAG 5: 29 punte; 23 minute | |
|---|---|
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Tasbare Bates | Tasbare bates en waardevermindering<br>Interne kontrole oor bates |

## VRAAG 1: BEGRIPPE, BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE EN VOORRAAD

**(34 punte; 27 minute)**

1.1 **BTW BEGRIPPE**

**GEVRA:**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraag nommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK. (1x5)

1.1.1 Inset BTW is die BTW wat die besigheid hef op goedere en dienste voorsien aan klante of kliënte.

1.1.2 Items soos opvoeding en gesondheidsdienste waarop BTW huidiglik nie gehef word nie, word BTW vrygestelde items genoem.

1.1.3 Verpligte BTW registrasie is wanneer 'n besigheid se jaarlikse omset R3 miljoen oorskry en vereis word om te registreer as 'n BTW verkoper.

1.1.4 Die BTW standaardkoers van 15% word afgetrek op werknemers se salarisse en is betaalbaar aan die SAID.

1.1.5 BTW betaalbaar aan die SAID word bereken deur Inset BTW af te trek van die Uitset BTW gehef.

1.2 **BTW BEREKENINGE**

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel geneem uit die boeke van Taylor Winkels op 30 Junie 2018.

**GEVRA:**

Voltooi die tabel deur die ontbrekende bedrae te bereken deur gebruik te maak van die standaardkoers van 15%. (8)

| Nr. | Eksklusief | BTW | Inklusief |
|---|---|---|---|
| Bv. | R648 | R97.20 | R745.20 |
| 1.2.1 | ? | R840 | R6 440 |
| 1.2.2 | ? | R135 | ? |
| 1.2.3 | R420 | ? | ? |
| 1.2.4 | R2 100 | ? | R2 415 |
| 1.2.5 | ? | ? | R736 |

1.3 **VOORRAAD**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Naidoo Handelaars. Die besigheid gebruik 'n winsgrens van 20% op kosprys.

**GEVRA:**

Berei die Handelsvoorraad rekening in die Algemene Grootboek van Naidoo Handelaars vir April 2018 voor, balanseer die rekening behoorlik. (21)

**INLIGTING:**

**A.** Die Handelsvoorraad rekening het 'n beginsaldo van R10 000.

**B.** Kontantverkope vir die maand beloop R9 480.

**C.** Naidoo Handelaars het 5% handelskorting ontvang vir goedere kontant aangekoop. Die handelskorting beloop R190. Bereken die kontantaankope.

**D.** Kredietverkope vir die maand beloop R26 520.

**E.** Goedere deur debiteure teruggestuur beloop R720.

**F.** Kredietaankope vir die maand beloop R14 281.

**G.** Terugsendings van goedere aan verskaffers beloop R1 426.

**H.** Betaal vir die aflewering van goedere uit die kleinkas, R47.

## VRAAG 2: KREDITEURE REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE

**(42 punte; 34 minute)**

### 2.1 BAFANA HANDELAARS

Die boekhouer van Bafana Handelaars het foute gemaak met die oorboeking na die Krediteurekontrole rekening op 30 November 2018. Die saldo van die Krediteurekontrole rekening het nie ooreengekom met die Lys van Krediteure wat geneem is uit die Krediteure Grootboek nie.

**GEVRA:**

Neem in berekening die foute en weglatings voorsien in **INLIGTING C** en berei die volgende voor:

2.1.1 Stel die korrekte Krediteurekontrole rekening in die Algemene Grootboek vir November 2018. Balanseer die rekening. (19)

2.1.2 Stel 'n korrekte lys van krediteure op 30 November 2018. (17)

**INLIGTING A:**

| ALGEMENE GROOTBOEK VAN BAFANA HANDELAARS | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **DT** | | | **KREDITEUREKONTROLE** | | | | **B6** | | **KT** |
| Nov | 01 | Saldo | a/b | 4 380 | Nov | 30 | Aankope | KJ | 45 700 |
| | 30 | Bank | KBJ | 32 400 | | | Krediteure afslag | KAJ | 2 108 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 2 650 | | | Korting | KBJ | 1 850 |
| | | Saldo | o/d | 11 518 | | | Joernaal krediete | AJ | 1 290 |
| | | | | **50 948** | | | | | **50 948** |
| | | | | | Des | 01 | Saldo | a/b | 11 518 |

**INLIGTING B:**

| LYS VAN KREDITEURE OP 30 NOVEMBER 2018 | | |
|---|---|---|
| **NAAM** | **Debiet** | **Krediet** |
| PP Handelaars | | 3 890 |
| Townsend Winkels | | 1 300 |
| Longwitz Handelaars | | 4 512 |
| Numero Motors | | 4 640 |
| Fanele Verspreiders | 260 | |
| | 260 | 14 342 |

**INLIGTING C:**

**FOUTE EN WEGLATINGS**

**(i)** Faktuur 196 ontvang vanaf Townsend Winkels vir R1 480 is oorgeboek na die rekening van Longwitz Handelaars in die hulpgrootboek.

**(ii)** Die besigheid het besluit om die saldo van Fanele Verspreiders oor te dra na die Debiteure grootboek. Geen inskrywing is nog gedoen nie.

**(iii)** Faktuur 231 ontvang vanaf PP Handelaars vir handelsware op krediet aangekoop vir R2 300 is foutief in die Krediteurejoernaal as R3 200 geboekstaaf.

**(iv)** Die besigheid het sommige onderdele wat gekoop is vanaf Numero Motors vir die afleweringsvoertuig, teruggestuur vir R860. Die bedrag is korrek in die Krediteure-afslagjoernaal geboekstaaf maar is oorgeboek as kredietaankope in die Krediteure grootboek.

**(v)** PP Handelaars verskaf goedere aan Bafana Handelaars en koop ook vanaf Bafana Handelaars. Die debietsalso van R640 in hul Debiteure grootboek moet oorgedra word na hul rekening in die Krediteure grootboek.

2.2 Batho-Pele Handelaars rekonsilieer sy rekords oor krediteure op ’n maandelikse basis. Die eienaar is bekommerd oor die groot bedrae wat aan krediteure betaal word wat nie ooreenkom met die voorraadvlakke in die pakhuis nie. Daar is ook ’n minimale verbetering in die verkopesyfers.

2.2.1 Wat kan die rede wees vir die tekort in voorraad? Voorsien EEN rede. (2)

2.2.2 Watter kontrole moet die besigheid aanwend om seker te maak voorraad is beveilig? Voorsien TWEE punte. (4)

**VRAAG 3: VERVAARDIGING** **(20 punte; 16 minute)**

3.1 **VERVAARDIGINGSBEGRIPPE**

Kies die korrekte woord in KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK. (4)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Koste wat betaal moet word, ongeag hoeveel goedere vervaardig word | A | Arbeidskoste |
| 3.1.2 | Alle koste wat nie direk betrokke is in die vervaardiging van produkte nie | B | Primêre koste |
| 3.1.3 | Die koste van direkte materiaal en die koste van direkte arbeid | C | Vaste koste |
| 3.1.4 | Die koste van arbeid betrokke in die vervaardiging van goedere | D | Fabrieksbokoste |

**3.2 VERVAARDIGINGSBEREKENINGE**

Armaan Bodhania besit 'n klein vervaardigingsonderneming, Bohemia Op-Bestelling Meubels. In Januarie 2018, het die hoof van Laerskool Hillview, Mev Jafta, Armaan gevra om 40 spesiale tafels vir die nuwe kunssentrum in die skool te maak.

**GEVRA:**

Gebruik die onderstaande inligting om die volgende te bereken:

3.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste. (3)

3.2.2 Bereken die direkte arbeidskoste. (2)

3.2.3 Bereken die primêre koste. (3)

3.2.4 Bereken die totale koste van produksie. (5)

3.2.5 Bereken die eenheidskoste vir EEN tafel. (3)

**INLIGTING:**

**A. Materiaalkoste om die tafels te vervaardig:**

| | |
|---|---|
| Hout | R16 000 |
| Staal vir struktuur | R5 500 |
| Spykers, boute en skroewe | R1 100 |
| Gom | R300 |
| Houtolie | R500 |
| Verf | R600 |

**B.** Armaan werk vanaf 'n klein fabriek in Actonville en betaal R11 000 per maand huur.

**C.** Sy water en elektrisiteitsrekening vir Januarie 2018 was R1 800.

**D.** R250 is betaal aan 'n deeltydse arbeider vir elke tafel vervaardig.

**E.** 40 tafels is vervaardig.

**F.** Die produksie van die tafels het een maand geneem om te vervaardig – Januarie.

**VRAAG 4: BEGROTING** **(25 punte; 20 minute)**

**4.1 BEGROTINGSBEGRIPPE**

**GEVRA:**

Kies die korrekte begrip in die volgende stellings. Skryf slegs die begrip langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

| |
|---|
| Kapitale uitgawe; Korttermyn begroting; Belasting; Begroting; Kapitale begroting; Ontvangste begroting |

4.1.1 ŉ ... is ŉ staat van verwagte ontvangstes en betalings vir ŉ spesifieke tydperk.

4.1.2 ŉ ... is ŉ vooruitskatting vir toekomstige uitgawes op vaste bates.

4.1.3 ŉ ... is ŉ begroting vir ŉ periode van 3 of 6 maande.

4.1.4 ... is die vernaamste bron van inkomste vir die regering. (4x1)

4.2 **BEGROTINGSBEREKENINGE**

Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Jane Jaxa is ŉ werknemer van Reeza Tekstiele vir 3 jaar. Haar jaarlikse salaris vir 2018 na aftrekkings is R150 000. Sy beplan ŉ seevakansie na Thailand in Januarie 2019 en haar totale koste vir die reis is R26 000 wat reiskoste, akkomodasie, etes en spandeergeld insluit. Sy beplan om haar jaarlikse bonus te gebruik vir die vakansie.

**GEVRA:**

Beantwoord die volgende vrae.

4.2.1 Bereken die maandelikse salaris wat Jane ontvang na aftrekkings. (2)

4.2.2 Bereken die totale inkomste wat Jane in Desember gaan ontvang, verwys ook na **INLIGTING B**. (3)

4.2.3 Bereken Jane se maandelikse uitgawes. (3)

4.2.4 Bereken die bedrag wat Jane op ŉ maandelikse basis moet spaar. (3)

4.2.5 Sal Jane genoeg geld gespaar het insluitend haar jaarlikse bonus om in Januarie 2019 op vakansie te gaan? Bewys jou antwoord deur ŉ berekening. Dui aan of dit ŉ tekort of surplus is. **(Verwys ook na INLIGTING C.)** (8)

4.2.6 Verwys na haar onderstaande uitgawes, watter TWEE uitgawes kan sy verminder om maandeliks meer te spaar? (2)

**INLIGTING:**

**A.** Jane se maandelikse uitgawes bestaan uit die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Terugbetaling op motor | R3 100 | Klererekeninge | R800 |
| Telefoon | R250 | Water en elektrisiteit | R750 |
| Selfoon | R300 | Onthaalkoste | R400 |
| Huur | R2 200 | Kruideniersware | R1 800 |
| Versekering | R700 | Petrol | R 1200 |
| Spaargeld | R? | | |

**B.** Jane gaan 'n bonus van R13 000 aan die einde van Desember ontvang.

**C.** Jane beoog om slegs 90% van haar spaargeld vir 2018 te gebruik vir haar vakansie.

**VRAAG 5: VASTE BATES EN INTERNE KONTROLE** **(29 punte; 20 minute)**

5.1 **VASTE BATES**

Ocean Breeze Handelaars se finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018. K. Skoler is die eienaar.

K. Skoler het jou gevra om haar te help met die volgende:

**GEVRA:**

5.1.1 Voltooi die Vaste / Tasbare bates nota tot die finansiële state. (24)

**Toon alle berekeninge om deelpunte te verdien.**

5.1.2 Volgens watter AARP beginsel moet alle bates geboekstaaf word teen die oorspronklike kosprys? (1)

**INLIGTING:**

**Uittreksel vanaf die Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2018**

| | Fol | Debiet | Krediet |
|---|---|---|---|
| **Balansstaat-rekeninge afdeling** | | | |
| Grond en geboue | | 450 000 | |
| Voertuie | | 130 000 | |
| Toerusting | | 42 900 | |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | | | 58 500 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | | | 13 080 |

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- Waardevermindering op toerusting moet bereken word teen 15% p.j. op die verminderende saldo metode. Neem in ag dat nuwe toerusting vir R12 000 op 1 Desember 2017 aangekoop is en korrek geboekstaaf is.
- Waardevermindering op voertuie moet bereken word teen 20% p.j. op kosprys.

5.2. **INTERNE KONTROLE – BEKEZELA KARWEIERS**

Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vraag.

Bekezela Karweiers se eienaar is Bekezela Majola. Hy besit trokke en doen aflewerings in Suid-Afrika. Een van sy bestuurders is twee keer gekaap in 8 maande. Hy is bekommerd dat sy versekeringspremie drasties vermeerder het as gevolg van sy ingediende eise.

**GEVRA:**

As interne ouditeur van Bekezela Karweiers, watter advies sal jy die eienaar gee vir beter interne kontrole? Voorsien TWEE punte. (4)

**TOTAAL: 150**

**EINDE**